

24 Februarie

Skrifgedeelte: Lukas 14:7-24
Fokusgedeelte: Lukas 14:17

Kom, nooi die Gasheer!

Om saam met iemand te eet is 'n intieme oomblik tussen mense. In die Bybelse tyd was dit ook die geval. Waar dit nou omtrent nagmaaltyd vir die meeste van ons is, is die gelykenisse in Lukas 14 oor saameet, belangrik. Hierdie drie gelykenisse vind hulle hoogtepunt in vers 17, waar die Here self uitnooi: "Kom, die maaltyd staan klaar!" Maar kyk wat gebeur hier: Die Here God, kenner van die mensehart, moet verskonings uit sondaarmonde aanhoor. Die een het 'n stuk grond gekoop en die ander weer osse wat hy moet probeer. Die derde is getroud en kan nie kom nie. Nie een van die genooies was gereed vir die maaltyd nie. Verskonings op verskonings word aangevoer. Dan stuur die Gasheer sy diensknegte om op die kruispaaie die koninklike uitnodiging te gaan rig: "Kom, die maaltyd is gereed!" Ons moet die Koning, Jesus Christus, se stem hoor. Kom terwyl daar nog genadetyd is. Moenie uitstel nie, môre kan te laat wees! Só nooi Christus ons elke Sondag uit na die intimiteit van eredienste en elke drie maande na die Nagmaal. Wat is jou verskoning ... of is jy gereed om die koninklike uitnodiging aan te gryp? Dit is die heerlike genade van ons God dat daar genadetyd is vir elkeen wat glo. Christus het deur sy dood en opstanding die "maaltyd" gereed gemaak. Gryp die uitnodiging aan – dit is die moeite werd!

Sing: Skrifberyming 33:3

Ds NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)